ONTWIKKELING

BEDRYF TAKEL KWESSIES IN NOP DAADWERKLIK

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het op sy onlangse raadsvergadering 'n voorstel goedgekeur dat die kwessie van landelike ontwikkeling as 'n fokuspunt vir navorsing geïdentifiseer word. Die saak is na die nasionale organisasie vir rooivleisnavorsing en -ontwikkeling (RMRDSA) verwys.

Landelike ontwikkeling is een van die kwessies in die nasionale ontwikkelingsplan (NOP). Dié onderwerp is ook in die RPO en Nerpo se kode vir beste praktyk vervat. Nog 'n aspek in die NOP wat spesifiek op die rooivleisbedryf betrekking het, is die kwessie oor die vermindering van kweekhuisgasse. 'n Woordvoerder van die RPO sê die ideaal van stabiele landelike gemeenskappe kan net bereik word as struikelblokke in die omgewing uit die weg geruim en natuurlike hulpbronne bewaar word.

LANDELIKE ONTWIKKELING

In die geval van landelike ontwikkeling het die Regering erken dat die grondhervormings- en boerderymodelle wat tot dusver toegepas is, grootliks onsuksesvol was. Van die redes daarvoor is glo 'n gebrek aan opleiding, ondoeltreffende voorligting en mentorskap, gebrekkige navorsing, 'n tekort aan finansiering, swak infrastruktuur en onvoldoende skaalekonomie (boere kan nie suksesvol wees as die plaas te klein is nie).

Volgens die RPO is modelle nodig wat suksesvolle ondernemings met nuwe toetreders verbind. Dit kan 'n bydrae lewer tot volhoubare inkomste, kredietwaardigheid, opleiding en mentorskap.

In die praktyk is daar verskeie gevalle van kommersiële boere wat hul hulpbronne met hul werkers of kleinboere deel. Daar is ook belegging in aandeelhouding met gemeenskappe, die finansieringsmodel waarvolgens die Regering huishoudelike produksie ondersteun, gemeenskapsbeleggings, die model vir kommunale eiendomme en verskeie uitgebreide modelle.

Vir suksesvolle toepassing het dié inisiatiewe databasisse, navorsing, mentorskap, opleiding en voorligting nodig. Na verwagting sal die meeste ondersteuning van provinsiale bedryfsorganisasies vereis word vir die suksesvolle daarstelling van sulke boerderymodelle.

KOOLSTOFSPOOR

Die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake is verantwoordelik daarvoor om aan die Verenigde Nasies verslag te doen oor die land se vordering met die vermindering van kweekhuisgasse. Ander aangeleenthede word met die samewerking van ander departemente gemonitor.

Die rooivleisbedryf het die Departement van Omgewingsake voorsien van die bedryf se inventaris tot en met 2010, maar dit moet elke twee jaar bygewerk word. Die Regering ontwerp tans 'n belastingstelsel om alle sektore te dwing om die doelstellings vir die vrystelling van kweekhuisgasse teen 2025 (en dié wat daarop volg) te bereik. Die landbou het 'n vergunning van vyf jaar gekry voor die belasting daarop van toepassing gemaak gaan word, maar die tyd raak al hoe minder.

Die rooivleisbedryf het kodes van beste praktyk om leiding te gee ten opsigte van beginsels, maar daar is geen toegewysde planne, voorligting en opleidingsplanne om boere met volhoubare omgewingspraktyke by te staan nie.

Die bedryf het beperkte metingsmeganismes om te help met die aansienlike aantal navorsing wat met 'n gevallestudie gepaardgaan. Verder is daar beperkte finansiële en menslike hulpbronne beskikbaar.

NOP

Ander kwessies met betrekking tot die landbou in die NOP sluit in:

- 'n Stel aanwysers vir natuurlike hulpbronne, vergesel van die jaarlikse verslae oor die gesondheidstatus van geïdentifiseerde hulpbronne, wat gebruik kan word om beleidstandpunte te formuleer.
- 'n Voorstel dat die vrystelling van kweekhuisgas teen 2025 met 25% verlaag word.
- Verhoogde belegging in nuwe landboutegnologie, navorsing en die ontwikkeling van aanpassingstrategieë vir die beskerming van landelike lewensbestaan en die uitbreiding van die kommersiële landbou.
- 'n Bykomende 643 000 regstreekse werkgeleenthede en 326 000 onregstreekse werksgeleenthede teen 2030 in die landbou, landbouverwerking- en verwante sektore.
- Die handhawing van 'n gunstige handelsbalans vir primêre en verwerkte landbouprodukte.
- Landbou-ontwikkeling gebaseer op suksesvolle grondhervorming, die skepping van werkgeleenthede en meganismes om die omgewing te bewaar. Om dit te bereik, sal landbougewasse onder besproeiing sowel as produksie op droë grond uitgebrei moet word – met die klem op kleinboere, waar moontlik. Om dit te bereik, sal bestaande landboubedrywe bemagtigende vennote moet wees.

Die strategie behoort toegang tot basiese dienste, voedselsekerheid en die bemagtiging van plaaswerkers te verseker.

Om sy doelstellings te bereik, word die volgende in die NOP aanbeveel en aangemoedig:

- 'n Verskuiwing na meer arbeidsintensiewe landbou-subsektore.
- Meer omvattende benutting van landbougrond binne kommersiële boerderygebiede, "klimaat-slim" landboupraktyke en die verdeling van grond.
- Die groot, kommersiële plase moet uitgebrei word om die skepping van werkgeleenthede te bevorder.
- 'n Beter balans tussen kommersiële plase en plase van kleinboere deur die proses van grondhervorming en ontwikkeling binne die voormalige tuislande.

BETROKKENHEID

Agri SA het onderneem om deel te neem aan projekte met die doel om die vertroue in die landboubedryf te bevorder, groeimoontlikhede te ontsluit en om deelname aan landbou op 'n breë basis te bevorder. Dié organisasie het die knelpunte ook in die verslag *'n Holistiese plan vir grondhervorming in Suid-Afrika* bekyk.

Volgens Agri SA is daar, afgesien van die NOP se grondhervormingsmodel, ander modelle waarvolgens bemagtiging suksesvol kan wees en wat geëvalueer moet word.

Dié organisasie beveel aan dat 'n omvattende en toeganklike databasis van grondhervormingsmodelle in die verskillende streke en bedrywe saamgestel en gehandhaaf moet word.

Nog 'n voorstel is die inwerkingstelling van 'n spesifieke werktuig om grondhervormingsmodelle te evalueer en lewensvatbare moontlikhede op 'n vennootskapsgrondslag te bevorder.

Met herverdeling is die identifikasie en evaluasie van die begunstigdes uiters belangrik vir sukses. Dit moet gerugsteun word deur toepaslike opleiding en tegniese ondersteuning. Boere van kommunale gebiede moet toegang verkry tot sodanige opleiding en tegniese ondersteuning.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**. E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.